



Grace Life Group: In Spore reeks, no. 1

ONTHOU:

- 1) Was daar iets by Sondag se preek wat vir jou uitgestaan het, jy vir die eerste keer gehoor het of wat jy nog oor dink?

MY STORIE:

In die preek het ons gesels oor hoe godsdien is wanneer jy deur werke probeer jou saak met God reg maak en reg hou. Verhouding gebeur wanneer jy besef dat Jesus jou saak met God reg gemaak het en jou regverdig verklaar het.

- 2) Wat dink jy is die verskil tussen 'n Christen wat godsdien leef en 'n Christen wat klaar weet dat sy saak met God reg is en dat hy/sy regverdig is?

- 3) Waar dink jy bevind jy jouself tussen godsdien en verhouding?

SKRIF:

*'Julle is vry, maar moenie julle vryheid gebruik as dekmantel om kwaad te doen nie.
Gebruik dit om God te dien. '*

~ 1 PETRUS 2:16 ~

'Ja, ons is vry om alles te doen, maar daar is dinge wat nie goed is vir ons nie. Ons is vry om alles te doen, maar alles maak nie ons geloof sterk nie. Ons moenie selfsugtig wees nie en ons moenie net doen wat vir óns goed is nie. Ons moet doen wat goed is vir ánder mense. '

~ 1 Korintiërs 10:23-24 ~

4) Wat leer jy uit hierdie twee skrifgedeeltes?

1 Petrus 2:16

1 Korintiërs 10:23-24
